education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

WOORDELYS PLANTORGANE

Kambium	‘n Laag meristematiese weefsel in die endodermis van die stingel
Kurkkambium	Die buitenste lag van die korteks raak mesristematies en staan bekend as kurkkambium
Korteks	Die streek direk onder die epidermis
Fassikulêre kambium	Kambium in die vaatbondels van tweesaadlobbige stingels
Sluitsel	Boontjie vormige selle rondom die porië van ‘n huidmondjie
Endodermis	Die heel binneste laag van die korteks wat die deurtog van water na die wortelxileem reguleer
Bande van Caspary	Verdikte kurkstrokies in die radiale en dwarswande van die endodermis
Perisikel	Die plantwefsel direk onder die endodermis, waaruit sywortels ontwikkel
Oop vaatbondel	‘n Vaatbondel wat ‘n Kambium besit
Interfassikulêre kambium	Stroke parenchiemselle tussen die vaatbondels van dikotiele stingels, wat meristematies raak.
Jaarringe	Konsentriese ringe wat deur die sekondêre xileem van dikotiele stingels gevorm word.
Lentiselle	Porieë in houtagtige stingels wat verantwoordelik is vir gaswisseling
Turgordruk	Druk wat in die vakuool toeneem a.g.v. die invloei van water deur osmose.
Kapillariteit	Die verskynsel waar vloeistowwe spontaan in buisies met ‘n baie klein deursnee sal opbeweeg
Kohesiekrag	Aantrekkingskragte van kapillariteit wat tussen die watermolekules ontstaan.
Adhesiekrag	Aantrekkingskragte van kapillariteit wat tussen die watermolekules en die xileemvate ontstaan.
Worteldruk	Die opwaartse krag wat in wortels ontstaan a.g.v. die volgehoue invloei van water uit die grond.
Transpirasie	Die verlies van waterdamp, hoofsaaklik deur huidmondjies, deur die bogrondse pantdele.
Suigkrag van transpirasie	Die hoofkrag verantwoordelik vir die opwaartse beweging van water in ‘n plant
Verwelking	Toestand wat ontstaan wanneer ‘n plant meer water deur transpirasie verloor as wat deur die wortels geabsorbeer kan word.
Guttasie	Proses waartydens waterdruppels deur die hidatodes op blaarrande uitgepers word.
Huidmondjies	Strukture in die epidermis waardeur meeste transpirasie plaasvind.
Hidatodes	Strukture op blaarrande waardeur guttasie plaasvind
Potometer	Apparaat wat gebruik word om die invloed van eksterne faktore op transpirasietempo te ondersoek

PLANTORGANE